

Inhoud. Ons eenheid met Jesus Christus skep in ons die lewenskuns om met ons hart verbind te wees en in ons gedagtes gefokus te wees op die toekoms van ons hemelse roeping. Dit sluit ook ons huwelik in. Ons word nie verstengel in die verlede se onreg en oortredings nie.

Skriflesing Fil. 4: 4-9.

Teks en tema. Fil. 4:7 En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Jesus Christus oor julle harte en gedagtes waak.

1. God se vrede wat wag hou oor harte en gedagtes! God wat self die wagter is!

Oor wat se hart en gedagtes? Volgens vers 5 oor 'n hart en gedagtes vol bekommernis. Dit is eintlik die posisie waarin Paulus verkeer, in die tronk en afgagtend op die finale vonnis van die keiser.

Oor só hart waak God as die wagter om die vrede te gee teen alle bekommernis!

Waak beteken dat God 'n innerlike vrede in ons handhaaf sodat ons gedagtes en hart nie gefokus is die moeilike omstandighede waarin ons is nie, maar op God se sorg om ons in sy liefde, in sy diens en aan sy roeping vasgebond te hou.

Waar ons as gelowiges in die geloof ontdek God waak in hierdie vrede oor ons harte, daar is ons gedagtes nie gerig op

- die tekorte,
- die gevare,
- die verliese,
- die hindernisse,
- die pyn en
- die kwaad van die lewe nie,
- maar op alles wat eerbaar, reg, lieflik en lofwaardig is.

Dit is ook waarop julle gedagtes in julle huwelik gerig moet wees, Stoffel en Elsje, alles wat prysenswaardig is en nie op alles wat verkeerd is nie.

Daarom moet 'n mens ook die lewenskuns vind om in hierdie vrede waarin God oor hart en gedagtes van 'n man en 'n vrou in die huwelik waak, te kan leef.

Want hierdie vrede fokus ons hart en gedagtes van bekommernis na liefde!

2. Waar het Paulus hierdie vrede gevind?

En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Jesus Christus oor julle harte en gedagtes waak

In hoofstuk 3 verse 7 – 11 getuig Paulus dat hy dit in sy eenheid met Jesus Christus gevind het.

Daarin word dit ook in ons teksvers genoem dat God se vrede waak oor ons – in Jesus Christus. Dit beteken in ons eenheid en verneiging met Jesus Christus. In hierdie eenheid met Jesus Christus vind ons God se vrede wat oor ons hart en gedagtes waak.

Hy stel hierdie eenheid so: Christus Jesus het my sy eie gemaak en daarom kan ek Jesus Christus my eie maak!

In hierdie eenheid het Paulus drie sake gevind:

- die krag van die Here se opstanding.
- die gemeenskap met sy lyding
- en die gelykvormigheid met die Here se dood!

Dit is waarin hy hierdie vrede gevind het.

3. Wat is hierdie eenheid in Jesus Christus?

Die gelykvormigheid met die dood van Jesus Christus beteken dat ek deel in die offer wat Hy vir sonde gegee het. Hy het God se toorn gedra vir die sonde wat ek doen. Daarom is ek die onskuldige mens wat Christus was.

Om te deel in sy lyding beteken dat God Christus aangekla en veroordeel het sodat God my nooit weer vir sonde as sonde sal aankla en veroordeel nie, maar altyd as sy kind sal verheerlik.

Om die krag van Christus se opstanding te ken beteken dat ek ingesluit is en deel in sy regverdigheid en heiligheid: God laat my liefde vir hom as God reg en volkome wees in my eenheid met Christus.

4. Dit is die vrede van God wat Paulus in Christus gevind het. Hierdie vrede wat oor sy hart en gedagtes waghou teen die bekommernisse van hierdie wêreld.

In Christus is Paulus vir God altyd

- onskuldig en strafloos;
- nooit aangeklaag en veroordeel nie en
- maak God sy liefde vir met al die gebreke wat dit het, vir God reg en volkome vir God!

Daarom kan daar in hierdie eenheid geen bekommernis wees oor skuld, straf, klag, oordeel, liefde wat nie genoeg is en liefde wat nooit reg kan wees nie.

En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Jesus Christus oor julle harte en gedagtes waak

Dit is die vrede wat waghou teen die bekommernisse van die gewone lewe: in en deur alles wat in hierdie wêreld met ons gebeur kan ons nooit weer voor God in die posisie kom van skuld en straf, aanklag en oordeel; liefde wat nooit reg en goed genoeg is nie.

Hierdie vrede van God en met God hou wag teen enige iets wat gebeur met ons in hierdie wêreld.

5. Dit skep in gelowiges 'n baie besondere lewenshouding, die lewensingesteldheid waarin Paulus verskeie kere in hierdie brief gelowiges oproep om in te leef.

Hy stel dit oor homself só:

“Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voorlê.”

en

“Ek jaag die doel na, die prys van God se hemelse roeping in Christus Jesus.”

In hoofstuk 3 het hy dit uitgespel. Die dinge wat agter is wat hy vergeet is die lewenswyse waarin hy altyd sy eie liefde vir God moes regverdig het as reg en goed deur dit self weer elke keer reg en goed te maak. Hierdie poging het hom verbind tot die verlede wat hy moes die hele tyd besig wees met alles wat vandag en gister verkeerd gegaan het om dit vandag weer reg te maak.

Dit is wat gebeur wanneer jy jou eie liefde vir God moet regverdig: jy is altyd besig om om jy gedagtes en hart vandag te fokus om wat nou net en gister verkeerd was, te probeer regkry, nou en vandag!

Jy is altyd besig met die dinge wat agter is! Skuld, straf, oordeel aanklag, oordeel en liefde wat nie goed genoeg was nie, is altyd dinge wat agter is, verby is, onopgelos en onafgehandeld is!

6. Die vrede van God skep 'n totaal nuwe lewe ingesteldheid: om jou uit te strek na wat voor is en jou hemelse prys as doel na te jaag!

- Om vir God te leef in die sekerheid Hy laat vandag se liefde goed en volkome wees vir Hom
- sodat ek vandag die lewe vir God kan leef waarvoor Hy my bestem
- sodat ek die doel van my lewe met God kan vervul!

In hierdie vrede kan ek my hart en gedagtes fokus op die vrug van God se Gees in my lewe:

- die vreugde en blydschap om vir God en my naaste te mag leef!

En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Jesus Christus oor julle harte en gedagtes waak

- Die geduld en lankmoedigheid om in sy doel vir my lewe te volhard!
- Die liefde en diens die vervul waarvoor Hy my bestem het.

Altyd besig om jou uit te strek na wat voorlê. Altyd besig om die doel van jou lewe met God as hemelse prys na te jaag!

Nooit meer besig met die dinge wat altyd agter is nie: sonde, skuld, straf, verlore liefde!

7. Stoffel en Elsje!

Om mekaar so te vind en met mekaar so verbind te wil leef: in jou het ek myself as man gevind en in jou het ek myself as vrou gevind, is deel van julle hemelse roeping!

Dit is waarvoor God julle bestem het: om in hierdie eenheid te leef waarin jy net nie meer “a man” is nie maar “a husband”, nie net meer “a woman” is nie, maar “a wife”.

Ons hemelse roeping is om in hierdie eenheid met mekaar ons uit te strek na die lewe met God wat Hy vir julle bestem het.

Die besondere van julle kindskap met God is dat julle hierdie hemelse roeping kan najaag soos Paulus dit stel as “ons burgerskap is van die hemel”

’n Burgerskap wat jou elke dag die dinge wat agter is laat uitlos en jou elke dag weer laat uitstrek na die dinge wat voor is!

8. Daarom moet julle jul eenheid as man en vrou elke dag weer in die geloof ontdek! Ons is in Jesus Christus!

Elsje, jy moet dit vir hom glo!

Christus maak elke sonde wat hy doen, elke oortreding wat hy begaan, iets in die verlede! In die verlede van Christus se dood, lyding en opstanding is al sy sondes iets van die verlede!

Stoffel, jy moet dit vir Elsje glo!

Christus maak elke liefdedaad en toewyding wat nie reg is soos dit reg moet wees en nie volkome is soos liefde volmaak is nie, vir God reg en volkome! Alles wat onvolkome is, is altyd iets van die verlede!

In hierdie geloof sal julle dan ook in die vrede kan leef waar julle as man en vrou nie die dinge van die verlede altyd die dinge van vandag en more maak nie!

En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Jesus Christus oor julle harte en gedagtes waak

Wie die dinge van die verlede die dinge van vandag maak,

- Moet liefde regverdig!
- Moet liefde verskoon en verduidelik!
- Moet liefde as verlore en altyd net nooit reg en goed genoeg nie ontdek!

En liefde kan dit nooit wees nie. Liefde kan net gegee word, nooit geregverdig, verskoon, verduidelik of verbeter word nie.

Liefde kan net liefde wees wat net gegee word! Daarom kan liefde nooit met die dinge wat agter is besig wees nie.

9. Julle moet Christus vir mekaar glo!

'n Man en vrou wat verbind is om hulle self uit te strek na wat voor is en hulle hemelse roeping na te jaag: ons leef in God se liefde en bestemming en Hy heilig en regverdig ons liefde vir Hom!

Hierdie brief van Paulus is in sy laaste maande voor sy dood geskryf. In hierdie situasie wat hy self noem moeilike omstandighede verklaar hy: want vir my om te leef is Christus en te sterf is wins!

Altyd verbind aan wat voor is! Altyd ingesteld om jou roeping en diens teenoor God uit te leef! Nooit vasgevang in die dinge van die verlede nie! Om nooit te leef asof jou lewe verby is nie, al staan jy aan die einde daarvan!

En dit is hoe liefde is! Liefde kan net gegee word as liefde wat alles glo, alles hoop, alles verdra, omdat liefde altyd gaan oor die hemelse roeping, om jou doel as mens met god na te jaag!

Dit is wat die vrede van God met harte en gedagtes doen! Dit waak dat dit nooit 'n hart is wat in die verliese of verlore liefdes van wat agter is vasgevang word nie. Dit waak dat jou gedagtes nie verstrengel raak binne alles wat verkeerd was of nie goed genoeg was in die verlede nie.

Dit waak dat ons hart en gedagtes altyd gefokus kan wees om liefde te kan bedink en liefde te kan gee soos liefde is.

10. Julle mag in hierdie geloof hierdie vrede as gawe verwag van God!

Dit is baie opvallend dat Paulus nie hier vrede as opdrag gee nie: "Julle moet in vrede leef, julle moet vrede maak, julle moet die vrede bewaar nie."

En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Jesus Christus oor julle harte en gedagtes waak

Waar die huwelik so word: “Julle moet vrede maak!”, “Julle moet in vrede met mekaar leef!” “Julle moet die vrede bewaar!”, is die huwelik nie meer deel van die hemelse prys nie.

God is die wagter van vrede in die huwelik. Julle is nie mekaar se wagters nie. Wanneer man en vrou mekaar se wagters word, is daar nie meer ’n huwelik nie.

Die huwelik is ’n hemelse prys, deel van jou bestemming met God, waarin God se vrede oor julle waak!

Glo en ontdek dit!

Dan kan julle die krag en wonder ontdek van twee harte wat nie vasgevang is in al die moontlike moeilikhede van die lewe nie, maar twee harte wat gefokus is op die bedoeling van die lewe vir en met mekaar!

Dan kan julle die krag en wonder ontdek van twee mense wat in hulle gedagtes nie gefokus is op alles wat kan of besig is om verkeerd te gaan nie, maar op alles wat die liefde kan doen!

Glo in julle Wagter! Hy skep ’n vrede in hart en gedagte, en gee julle self vrymoedig aan mekaar as man en vrou!

Dit is julle hemelse roeping wat julle mag en kan najaag want julle is burgers van die hemel!

- Skrifuitleg en prediking notas.
- Die deugdes in hierdie verse is die vrug van die geregtigheid wat gelowiges deur Jesus Christus ontvang. Fil. 1:11.
- Die blydschap motief begin reeds in 1: 18 b en gaan oor alles wat met Paulus gebeur lei tot sy redding. Dit word opgevolg met die besondere woord: “geloofsvreugde” 1:25.
- Die vrug van geregtigheid word in 2: 1 beskryf as die vrug van die aanmoediging uit liefde, die gemeenskap, toegeneetheid en ontferming van die Gees.
- Uit hierdie vrug kom ’n lewenswyse waarin ’n gelowige uit selfsug en ydelheid maar respek vir die ander is; waar nie net die eie maar ook die ander belang gedien word. 2: 2-4;
- Die vrug van geregtigheid skep die gesindheid wat in Jesus was om nie met mag te eis maar in liefde te dien.
- Die eenheid met Christus (3:5-11) skep ’n lewenswyse waar die dinge wat agter is vergeet word en jy jou uitrek na die dinge voor jou, jou hemelse roeping. (2:13-). Hierdie lewenswyse is die lewe van hulle wat burgerskap van die hemel het. (3:20)
- Die vrede wat alle verstand te bowe gaan, gaan oor ’n lewe waar jy wat verkeerd is agter kan los en jou kan fokus op jou roeping om die Here te dien.
- Dit vind Paulus in sy eenheid met Christus volgens 3:1 - .